Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2015

# DRAMATIESE KUNSTE

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

*IDRAMEA*

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord SLEGS vrae wat op die drama tekste wat jy bestudeer het.

2. Lees tyd van 15 minute is voor die aanvang van die eksamen toegeken.

3. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

   AFDELING A: 30 punte
   AFDELING B: 40 punte
   AFDELING C: 40 punte
   AFDELING D: 40 punte

4. AFDELING A is VERPLIGTEND.
   VRAAG 1: Realistiese Teater (**ONDERWERP 1 & 2**)

5. AFDELING B is VERPLIGTEND.
   VRAAG 2: Suid-Afrikaanse Teater (**ONDERWERP 4 & 5**)

6. AFDELING C: Kontemporêre Pan-Afrikaanse Teater OF
   Elizabethaanse Teater OF
   Teater van die Verre-Ooste OF
   Kontemporêre Amerikaanse Teater OF
   Ekspressionistiese Teater

7. VRAAG 3: Kontemporêre Pan-Afrika Teater (KEUSEVRAAG)
   **OF**
   VRAAG 4: Elizabethaanse Teater (KEUSEVRAAG)
   VRAAG 5: Teater van die Verre-Ooste (KEUSEVRAAG)
   VRAAG 6: Kontemporêre Amerikaanse Teater (KEUSEVRAAG)
   VRAAG 7: Ekspressionistiese Teater (KEUSEVRAAG)

8. AFDELING D is VERPLIGTEND.
   VRAAG 8: Die Geskiedenis van Teater

9. AFDELING E: Praktiese werk en refleksie
   Beantwoord SLEGS EEN vraag uit die volgende vrae:
   VRAAG 9: Stem en fisiese werk OF
   VRAAG 10: Lewendige optrede OF
   VRAAG 11: Die rol van die Regisseur OF
   VRAAG 12: Die rol van die Ontwerper

11. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

12. Hou in gedagte die puntetoekenning aan ŉ vraag om die lengte van jou antwoord bepaal.

13. Gebruik jou klaskamerkennis, sowel as onafhanklike en kreatiewe denke om die vrae te beantwoord.

14. Skryf netjies en leesbaar.

15. Trek ŉ lyn na elke afdeling.

## AFDELING A: TEATER VAN REALISME

Hierdie afdeling is VERPLIGTEND.

### VRAAG 1

Neem asseblief kennis dat jou keuse van teks om hierdie vraag te beantwoord nie weer gebruik word in enige ander vraag wat volg nie. As jy byvoorbeeld kies om hierdie vraag (VRAAG 1) te beantwoord oor ŉ Suid-Afrikaanse teks, mag jy nie VRAAG 2 beantwoord deur na dieselfde teks te wys nie. Beantwoord elke vraag oor die **verskillende toneelstukke** wat jy hierdie jaar bestudeer het.

Bestudeer die volgende uittreksel en beantwoord die vraag wat volg. Verwys na die Realistiese Teaterteks wat jy bestudeer het om die vraag te beantwoord.

> Die genialiteit van realisme, in die roman sowel as op die verhoog, is nie net om die werklike wêreld getrou te weerspieël nie, maar vereis ook dat ons oor die besonderhede gaan en oordeel wat ons dikwels ignoreer, as gevolg van hulle oppervlakkige bekendheid.
>
> [Newman Library, *Towards Modern Drama.* Digital Collections, Hoofstuk 9]

Skryf ŉ opstel waarin jy bespreek hoe die dramaturg die drama gebruik om gemeenskapskwessies van die samelewing in die teks aan te spreek.

Oorweeg die gebeure in die drama en die verskillende temas daarvan.

Jou opstel moet ongeveer 3–4 bladsye lank wees.

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER

Hierdie afdeling is VERPLIGTEND.

### VRAAG 2

**LET WEL:** Kies 'n ander teks vir elke vraag wat jy beantwoord.

2.1 Bespreek enige TWEE sosiale kwessies wat Suid-Afrikaanse dramas sal aanspreek. (5)

2.2 Verduidelik waarom die stryd na identiteit een van die hooftemas in die meeste Suid-Afrikaanse toneelstukke van die verlede gevorm het. (5)

2.3 Wat is alternatiewe teater? (2)

2.4 Skryf die verskille tussen die regering en alternatiewe teaterruimtes neer. (4)

2.5 Noem die titel en die dramaturg van die *Suid-Afrikaanse Teater*-teks wat jy bestudeer het. (2)

2.6 Watter internasionale teaterstyl het die struktuur van die drama beïnvloed wat jy bestudeer het? Gebruik die drama as verwysing om jou antwoord te ondersteun. (10)

2.7 Op watter manier beïnvloed die karakterverhoudings die intrige van die drama wat jy bestudeer het? Fokus op EEN verhouding in die drama om jou antwoord te ondersteun. (8)

2.8 Wat is die voordele vir die Suid-Afrikaanse jeug in die studie van Suid-Afrikaanse teatergeskiedenis? (4)

**TOTAAL AFDELING B: 40**

Kopiereg voorbehou 

**AFDELING C:** Kontemporêre Pan-Afrikaanse Teater OF
Elizabethaanse Teater OF
Teater van die Verre-Ooste OF
Kontemporêre Amerikaanse Teater OF
Ekspressionistiese Teater

Beantwoord slegs die vraag wat gebaseer is op drama wat jy bestudeer het.

**VRAAG 3: KONTEMPORÊRE PAN-AFRIKAANSE TEATER**

3.1 Verduidelik die term ‘mite’. (2)

3.2 Bespreek die gehoor-akteur verhouding in die Pan-Afrikaanse Teater. (6)

3.3 Wat is die VYF karaktereienskappe van Pan-Afrikaanse-teater? (5)

3.4 Skryf ’n paragraaf waarin jy ’n mondelinge tradisionele optrede beskryf wat deel is van ’n tradisionele seremonie. Verduidelik hoekom dit gesien kan word as ’n optrede. Oorweeg die elemente van mondelinge tradisie en rituele teater in jou antwoord. (10)

3.5 Noem die titel en die dramaturg van die Pan-Afrikaanse teks wat jy bestudeer het. (2)

3.6 Op watter tipe verhoog sal jy die drama laat afspeel? Oorweeg die ritme en teikengehoor van die drama in jou antwoord. (10)

3.7 As jy ’n karakter in hierdie drama sou speel, hoe sou jy te werk gaan om voor te berei vir jou optrede? Kies EEN karakter van die drama as jou verwysing. (5)
**[40]**

**OF**

## VRAAG 4: ELIZABETHAANSE TEATER

4.1 Verduidelik die konsep *tragedie* en gee ŉ voorbeeld daarvan. (4)

4.2 Bespreek hoe die Elizabethane hulle optrede geadverteer het. (3)

4.3 Beskryf hoe die teaters die sosiale struktuur van die periode in die plasing van die gehoor bevestig het. (8)

4.4 Noem die titel en die dramaturg van die Elizabethaanse teks wat jy bestudeer het. (2)

4.5 Oor watter kwaliteit moet ŉ akteur beskik om ŉ karakter in hierdie toneelstuk te speel? (5)

4.6 Tot watter genre behoort die drama wat jy bestudeer het? Oorweeg die tema van die drama om jou antwoord te ondersteun. (8)

4.7 Wat was die grootste bekommernis van Elizabethaanse dramaturge? Gebruik die temas van die dramas wat jy bestudeer het om jou antwoorde te ondersteun en gee voorbeelde. (10)

**[40]**

**OF**

## VRAAG 5: TEATER VAN DIE VERRE-OOSTE

5.1 Bespreek die VIER hooftipes akteursrolle in die Chinese Teater. (8)

5.2 Vergelyk die Noh- en Kabuki-teater in terme van die struktuur van die toneelstukke. (6)

5.3 Skryf ŉ kort paragraaf waarin jy die proses beskryf waardeur jy ŉ Noh-teater akteur word. (6)

5.4 Verduidelik die gebruik van musiek in Kabuki-teater. (8)

5.5 Noem die titel en dramaturg van die Teater van die Verre-Ooste wat jy bestudeer het. (2)

5.6 Hoe het die dramaturg die karakter in die drama wat jy bestudeer het in n tradisionele manier gebruik? Verwys na jou kennis van die elemente van karakters in die Verre-Ooste teater. (10)

**[40]**

**OF**

## VRAAG 6: KONTEMPORÊRE AMERIKAANSE TEATER

6.1 Wat is die 'Amerikaanse Droom' en watter effek het dit op die Amerikaners in die verlede gehad? (6)

6.2 Bespreek DRIE ooreenkomste tussen Amerikaanse en Suid-Afrikaanse historiese agtergrond. (6)

6.3 Verduidelik jou begrip van die frase 'teater as ŉ wapen' in die konteks van Amerikaanse teater. (3)

6.4 Wie het die opleidingsmetode vir akteurs genoem 'private moment' geskep? (1)

6.5 Wat gebeur in die bogenoemde opleidingsmetode? (2)

6.6 Noem die titel en die dramaturg van die Amerikaanse teks wat jy bestudeer het. (2)

6.7 Wat is die periode van die Amerikaanse Teater teks wat jy bestudeer het en wat is die sosio-politieke konteks van daardie tyd? Verwys na die gebeure in die drama om jou antwoord te ondersteun. (10)

6.8 Hoe beïnvloed die sosio-politieke toestande van daardie tyd die karakterverhoudings en die tema van die drama? (10)

**[40]**

**OF**

## VRAAG 7: EKSPRESSIONISTIESE TEATER

7.1 Verwys na die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> … In Realisme, mag hy sê, sit akteurs rond op stoele en praat oor die weer, maar in Ekspressionisme staan hulle op dit en skreeu oor die wêreld …
>
> J L Steyn

7.1.1 Met verwysing na die bogenoemde uittreksel, wat is jou begrip van die visuele verskil tussen Realisme en Ekspressionisme? Verwys na die ruimte om jou antwoord te ondersteun. (8)

7.1.2 Wat suggereer die bogenoemde uittreksel oor die temas van Ekspressionistiese Teaters? Verwys in jou antwoord na die algemene temas van Ekspressionistiese Teater. (8)

7.2 Noem die titel en dramaturg van die Ekspressionistiese Teater teks wat jy bestudeer het. (2)

7.3 Bestudeer die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Die doel van ekspressionistiese skrywers was om die innerlike gevoelens en ervarings van karakters te ontbloot, eerder as die uiterlike realiteit waarin hulle leef.
>
> [Dramatic Arts, *Grade 11 Learner's Book*/Via Afrika]

7.3.1 Bespreek die sosio-politieke konteks van die Ekspressionistiese Teater-teks wat jy bestudeer het. (5)

7.3.2 Hoe het die dramaturg die karaktersituasies gebruik om die temas van die Ekspressionistiese drama wat jy bestudeer het aan te spreek? Ondersteun jou antwoord deur voorbeelde uit die drama te gebruik. (10)

7.4 Verduidelik hoe jy sou karakteriseer vir 'n ekspressionistiese Teaterkarakter. Kies EEN karakter uit die drama en gebruik dit as verwysing na jou antwoord. (7)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: DIE GESKIEDENIS VAN TEATER, PRAKTIESE BEGRIPPE, INHOUD EN VAARDIGHEDE

Hierdie afdeling is VERPLIGTEND.

### VRAAG 8

8.1 Oorweeg die volgende prent en beantwoord die vrae wat volg:



8.1.1 Wat is die TWEE belangrikste drama genres verteenwoordig deur die bogenoemde maskers? (2)

8.1.2 Verduidelik die TWEE belangrikste genres wat jy in VRAAG 8.1.1 genoem het. (2)

8.2 Watter eksperimentele teaterpraktisyn se dramatiseringsmetodes is beïnvloed deur die Noh-teater? Verduidelik die besonderhede van die invloed. (6)

8.3 Wat is die akteur-gehoorverhouding in ‘Poor’-teater? Skyf ’n kort paragraaf. (6)

8.4 Is dit nodig om formele drama-opleiding te het om ’n goeie akteur/aktrise te word? Ondersteun jou antwoord deur te verwys na jou of ander se ervarings in drama. (4)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 20**

## AFDELING E: PRAKTIESE WERK

**Beantwoord SLEGS EEN vraag uit die volgende vrae.**

VRAAG 9: Stem en Fisiese Werk OF VRAAG 10: Lewendige Optredes OF VRAAG 11: Die Rol van die regisseur OF VRAAG 12: Die Rol van die Ontwerper

### VRAAG 9: STEM EN FISIESE WERK (KEUSEVRAAG)

9.1 Oorweeg die volgende verskil tussen pouse en stilte in drama en beantwoord die vrae wat volg:

- Akteurs maak doelbewus gebruik van pouse om die gehoor meer noukeurig na hulle te laat luister.
- Stilte is onheilspellend maar gee die spreker ŉ wapen om die gehoor te maak dink en reflekteer oor naakte waarheid.

[DifferenceBetween.com, Gepubliseer op Junie 9, 2011 deur Olivia]

9.1.1 Gee ŉ voorbeeld van ŉ moment in jou optrede waar jy ŉ pouse en stilte gebruik het soos in die bogenoemde uittreksel. (6)

9.1.2 Beskryf EEN artikulasie oefening wat in drama gebruik kan word om ŉ akteur voor te berei vir goeie hoorbaarheid. (2)

9.1.3 Wat is die resonansieholtes? (2)

9.2 Bestudeer die volgende prent en beantwoord die vrae wat volg:



[Chris Tobo, JOMBA 2014, Moving Into Dance Mophatong, Ngizwise]

9.2.1 Bespreek enige van Grotowski se tegnieke wat uit die bogenoemde prent na vore kom. (4)

9.2.2 In watter manier ŉ kan menslike liggaam ŉ boodskap in die teater kommunikeer? Gee ŉ voorbeeld om jou antwoord te ondersteun. (4)

9.2.3 Wat is van die uitdagings wat ŉ akteur in die gesig kan staar as sy liggaam nie gereed is vir ŉ optrede nie? (2)

**[20]**

**OF**

## VRAAG 10: LEWENDIGE OPTREDE (KEUSEVRAAG)

10.1 Jy het onlangs in jou finale eksamen opgetree. Lewer ŉ geskrewe verslag oor jou ondervinding.

Oorweeg die volgende in jou respons.

- Die keuse van die regte materiaal om te dramatiseer
- Die repetisie-proses
- Tegniese aspekte van jou optrede
- En die ondervinding opgedoen uit groepwerk **[20]**

**OF**

## VRAAG 11: DIE ROL VAN DIE REGISSEUR

11.1 Oorweeg jou finale praktiese optrede en beantwoord die volgende vraag.

As die regisseur van die optrede, hoe het jy ritme in die vloei van die drama toegepas?

Hou die volgende in gedagte:

- Ritme om die tema van die optrede te kommunikeer
- Ritme om die struktuur van die optrede te ondersteun
- Ritme in terme van die atmosfeer van die produksie **[20]**

**OF**

## VRAAG 12: DIE ROL VAN DIE ONTWERPER

12.1 Verwys na die film of die lewendige produksie wat jy hierdie jaar gesien het en beantwoord die vraag wat volg.

Op watter manier het die ontwerper die ritme van die drama aangewend om die temas van die drama te ondersteun?

Verskaf voorbeelde van die spesifieke drama wat jy bestudeer het om jou antwoord te ondersteun. (10)

12.2 Oorweeg dieselfde film/lewendige optrede en beantwoord die volgende vraag.

Beskryf hoe die ontwerper kostuum gebruik het om tyd in die produksie uit te beeld. Gebruik voorbeelde uit die produksie om jou antwoord te motiveer. (10)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING E: 20**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou